Project name: AL3283

Date of interview: 31 August 2009

Location of interview: Winternest, Pretoria

Language/s of interview: Afrikaans

Length of interview: 9 minutes 14 seconds

Name of Interviewer: De Wet Potgieter

Name of interviewee/s: General Herman Stadler

Name of translator (if any):

Name of transcriber: De Wet Potgieter

Notes on access and use (if any):

Audio file name/s of interview: AL3283_PTA_STADLERHERMAN_20090831_1

| | |
|---|---|
| Interviewer | Ek sit hier en gesels met generaal Herman Stadler, afgetrede voormalige hoof van die veiligheidstak se intelligensie-afdeling. Generaal ek wil graag vandag met u gesels oor die voorval, soos die Sunday Times dit destyds gerapporteer het the Guns of Gabarone toe die weermag in Botswana die ANC-basisse aangeval het. Kan u asseblief net vir my skets wat het daar gebeur en die aanloop daarvan. |
| Herman | De Wet, ja, in daardie stadium was dit inderdaad so dat die ANC gebruik gemaak het van buitelandse fasiliteite, ons buurstate, veral van Botswana. Hulle het dit ten alle tye ontken.<br>Maar die feit van die saak is, ons het geweet dat hulle gebruik maak van fasiliteite in Botswana, Daar was verskeie kere saam met mnr. Pik Botha was daar gesprekke gevoer met die Botswana regering sook met hulle polisie, minister van buitelandse sake ens.<br>En ons het dit vir hulle baie duidelik laat verstaan dat dit die geval is, maar hulle het dit in ’n mate ontken en hulle het eintlik niks daaraan gedoen nie. Op daardie stadium het die ANC, was die terreurveldtog maar redelik ernstig gewees en ons het toe nou, die Staatveiligheidsraad, het toe besluit dat daar ’n hakkejag-tipe operasie op Botswana uitgevoer moes word. |
| Interviewer | Kan u net vir my sê wanneer min of meer, watter jaar is dit |

| | |
|---|---|
| | waarvan ons nou praat? |
| Herman | Jy weet, De Wet, soos die td aangaan vergeet mens maar so die datum of tye, maar ek dink dit hie r so min of meer ’85 gewees. In elk geval toe het hulle, dit was die Staatsveiligheidsraad, en nou die aangewese, ek weet nie of jy weet hoe die Staatsveiligheidsraad gewerk het nie. Hulle het sekere dinge geïdentifiseer de ur middel van die sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad waar ek ook op gedien het, waar ons dan die revolusionêre klimaat dan geskets het.<br>En toe is daar besluit, soos ek gesê het, om Botswana in te val. Dit was uit die raad van die saak die weermag se prerogatief gewees en ek was toe opdrag gegee om die weermag in te lig oor die teikens, die fasiliteite in Botswana wat ek toe gedoen het.<br>Met transpirante ensovoorts het ek die hele gebou geskets waar hulle kantore is, waar hulle rekenaars gehou word ens. En toe het ook verder, en dit was my taak toe gewees. Hulle het toe besluit om dit te doen en besluit op ’n sekere datum. |
| Interviewer | Kan u net vir ons verduidelik. U sê u het die inligting gegee van die teikens en waar die ANC-kantore was en so aan. Hoe effektief was die intelligensie-eenheid om die ANC se fasiliteite in die buitelenad rondom die bedreiging te kan evalueer? |
| Herman | De Wet, ek meen jy weet net so goed soos enige persoon dat om ’n terreurveldtog te bekamp moet jy steun op beriggewers, agente, en natuurlik wat ons baie gehelp het was die arrestasie van terroriste waar ons hulle dan in detail ondervra het en waar hulle al hierdie inligting vir ons baie duidelik geskets het. Dit is hoe ons maar ons inligting het. Met ander woorde kan ek met alle sekerheid sê my inligting absoluut korrek was.<br>So die voorligting wat ek gegee het was gebasseer op daai feite. Ek het ook onder andere aan my gevra ek moet darem ook net aan die mense sê hoeveel, was daar al sekere dinge gedoen vanuit die fasiliteite in Botswana.<br>Ek het toe 33 voorvalle uitgehaal. Weereens deur middel van ondervraging en ander bewyse. Ek kon ook bewys dat daardie 33 voorvalle het vanuit die fasiliteite binne Botswana plaasgevind. |
| Interviewer | Hoe wyd was daardie voorvalle gewees? |
| Herman | Dit was, dit het gestrek vanaf die Kaap af. Ek dink self Mpumalanga, daar was in Natal ’n voorval. Ek kan nie presies almal onthou nie. Maar onder andere ook daardie boer en sy vrou wat hier in Swartruggens vermoor is. Dit was ook deur die ANC gedoen. Met ander woorde daardie feite, daar was ook aanvalle op polisiestasies in Kaapstad byvoorbeeld wat ek ook aan hulle geskets het.<br>Met ander woorde ek het nie net die fasiliteite nie, maar ook die bewyse verskaf wat vanuit daardie fasiliteite gepleeg was. |

| | |
|---|---|
| | Nouja, op 'n sekere datum moes hulle toe aanval en toe het ek opdrag gekry om mnr. Pik Botha ,wat minister van buitelandse sake was, te gaan voorlig sodat hy dan sy deel kan doen as daar dan nou so iets gebeur dat hy dan sal weet wat om vir die mense dan te sê.<br>Nou goed, die nag het hulle toe ingegaan, binne 'n paar minute moes hulle ingaan en weer uitkom. |
| Interviewer | Kan u net voor u die voorval beskryf, net die moeite wat u moes doen om mnr. Pik Botha met hom te gesels en om hom aan die kant te kry? |
| Herman | Ja, dis nogal interresant. Almal van ons wat Pik Botha ken weet hy is maar 'n moeilike kalant. Ek vind toe dat hy in daai stadium was hy naby Ellisras op 'n wildplaas gewees waar hy besig was om te jag. Die weermag het toe vir my een van hulle jets gegee, daai kleintjies.<br>Ek het toe vir Craig Williamson wat my tweede-in-bevel was saamgeneem. Ons het daar aangekom en daar was 'n kar wat vir ons gewag het en na die wildplaas toe gegaan. Toe ons daar kom is hy toe in die jagveld en ek vermoed hy het geweet ons kom, maar hy het hom nie daaraan gesteur nie. Wel, dit was sy prerogatief gewees.<br>Maar die vlieënier het vir my gesê hy kan nie na sononder opstyg nie want daar was nie ligte op daardie baan nie en ons moet asseblief vir hom laat weet wat die situasie is. So skuins voor sononder het ek vir Craig gesê hy moet maar teruggaan dan moet hulle maar teruggaan Pretoria toe en dan moet hulle net die volgende dag vir my 'n chopper of iets stuur om my dan te kom haal.<br>Ek het toe gewag en so om en by negeuur toe kom die klomp uit die jagveld uit. Maar nouja, ek wil nou nie skinder nie, maar toe het hulle al 'n paar happe in gehad. En toe hulle nou daar arriveer, en ek is daarso, begin hulle te lekker gesels daar om die braaivleisvure.<br>Ek het gesukkel, maar uiteindelik so elfuur het ek vir Pik Botha eenkant gekry en hom toe volledig ingelig. Hy was toe bietjie bekommerd oor dat daar moontlik burgerlikes in die slag gaan bly.<br>Ek het hom verduidelik wat hulle gaan doen. Hulle gaan 'n chopper in die lug laat hang en wat dan die mense onder op die grond dan waarsku en sê ons is nie agter julle aan nie, maar wil net die ANC-fasiliteite bykom. Hy was toe gelukkig daaroor en ek het toe die volgende oggend teruggekom.<br>Daardie nag het hulle toe die teikens aangeval. Ek was die heelnag saam met die weermag en geluister hoe die hele ding verloop. Baie interresant gewees.<br>Toe het hulle teruggekom en hulle het toe klomp goed saamgebring wat hulle daar gekry het. Onder meer vuurwapens en die komperstelsels ens. Met die gevolg die operasie was na |

| | |
|---|---|
| | my mening 'n reuse sukses gewees. Behalwe dat van die burgerlikes het ongelukkig paniekerig begin raak en hulle het skynbaar uit hul huise gee pad en toe was hulle ook in die slag gebly. Ek dink, as ek dit nie mis het nie, dink ek daar was vier gewees. Kan nie al's onthou nie.<br>Die groot in-ding was gewees, soos ek gesê het, onthou ons moes ons mense in Suid-Afrika beskerm en dit was die oorwegende faktor gewees waarom die Staatsveiligheidsraad besluit het om daardie fasiliteite aan te val om vir Botswana te wys maar julle huisves, julle grondgebied vir die ANC vir teikens om in ons land aan te val. |